# GOD SE PLAN
## *deur die eeue*



Wanneer ons kyk na God se plan deur die eeue, besef ons dat Hy ‘n groter plan het vir elkeen van ons en dat Hy kragtig deur verskillende mense op verskillende maniere werk sodat ons deel van Sy plan kan wees.

Moses was ‘n prominente figuur in die Ou Testament. Deur Moses is die wet aan die volk gegee om hulle bymekaar te hou en in lyn met God se wil. Moses het die volk uit slawerny in Egipte gelei na die beloofde land.

Kom ons lees in Hebreërs 11 wat daar oor Moses gesê word en hoekom hy ‘n held in God se groter raadsplan is.

# HEBREËRS 11:23-29

Omdat die **ouers van Moses** geglo het, het hulle hom na sy geboorte drie maande lank weggesteek toe hulle sien dat hy 'n mooi kindjie is. Hulle was nie bang vir die bevel van die koning nie.
24Omdat **Mose**s geglo het, het hy toe hy groot geword het, geweier om die seun genoem te
word van die farao se dogter. 25Hy het verkies om liewer sleg behandel te word saam met
die volk van God as om die kortstondige genieting van sonde te hê. 26Die smaad ter wille
van die Christus het hy 'n groter rykdom geag as die skatte van Egipte, omdat hy na die
beloning uitgesien het.
27Omdat hy geglo het, het hy Egipte verlaat sonder dat hy vir die woede van die koning
bang was. Hy het volhard soos iemand wat die onsienlike God sien.
28Omdat hy geglo het, het hy die pasga ingestel en die bloed aan die deurkosyne laat smeer
sodat die engel van die dood nie die eersgeborenes van Israel sou tref nie.
Omdat die **Israeliete** geglo het, het hulle deur die Rooisee getrek soos oor droë grond, terwyl die Egiptenaars verdrink het toe hulle dit ook probeer doen het.

**Wat is vir jou opvallend in hierdie verse?**
**Watter woorde word telkens herhaal?**

Moses se ouers het eerstens geglo… al moes hulle hul kind opgee…
Toe het Moses geglo… al het hy nooit die beloofde land gesien nie…
Toe het die Israeliete geglo…

Geloof is soos ‘n aflosstokkie wat aangestuur word – nie vir hul eie belang of voorspoed nie – maar vir God se groter plan.  God se plan groei eksponensieël as gevolg van individue se gehoorsaamheid. Elkeen van hierdie individue het die deur oopgesluit vir iets groter om te gebeur.

**Het jy al iets in jou lewe bereik omdat iemand in jou geglo het?**


SOUTH AFRICA
SIMBINE
SILESIA 21
SOUTH AFRICA
MUNYAI
SILESIA 21

In die Olimpiese Spele het ons gesien dat…

- die Suid-Afrikaanse aflosspan ‘n silwer medalje bereik het,
- Tebogo van Botswana het die eerste goue medalje vir ‘n Motswane ooit verower in die 200m, maar ook ‘n eerste 200m goud vir Afrika.
- Sydney McLaughlin Lovrane het in die 400m hekkies vir die 6de keer haar eie wêreldrekord gebreek, en is uitgesproke dat sy elke keer vir God se glorie hardloop.

**Alhoewel elkeen van hierdie atlete die harde werk self moet insit, doen hulle dit vir soveel meer mense as wat hulle dink.** Hulle doen dit vir hul land, vir hul vasteland, vir minder bevoorregtes, vir mense wat twyfel, bang is, moed wil opgee…



Moses is bekend vir baie gebeurtenisse in die Bybel – dink gerus aan ‘n paar.

Een van die kenmerkendste rolle wat Moses moes vervul is dié van bemiddellaar, mediator, tussenganger, vredemaker. Hy was bereid om die hitte, die drama, die woede, die vrees te verduur ter wille van die vooruitgang van God se plan.

**Lees ‘n paar teksverse waar ons sy rol kan sien as tussenganger tussen God en die volk. Kan jy onthou hoeveel keer hy by die berg moes op en af om almal op dieselfde bladsy te kry?**

# EKSODUS 20:18-21

Toe die volk die donderslae en die klank van die ramshoring hoor, en
die weerligte en die rook op die berg sien, **het hulle van angs gebewe
en op 'n afstand bly staan.**
19Hulle sê toe vir Moses: “Praat jý liewer met ons, en ons sal luister.
Moet tog nie dat God met ons praat nie, want dan sal ons sterf.”
20Maar Moses het die volk geantwoord: “Moenie bang wees nie,
want God het gekom om julle te toets. Hy wil hê julle moet ontsag hê
vir Hom en nie sondig nie.” **Die volk het op ‘n afsand gebly staan,
maar Moses het nader gegaan na die donker wolk waarin God was.**



# DEUTERONOMIUM 5:22-28

**27Moses, jy alleen moet van nou af na die stem van die Here gaan**
**luister en ons dan kom vertel wat Hy sê**. Ons sal goed na jou luister
en doen wat die Here vra.’”
28Moses het toe die volk geantwoord: “Terwyl julle so met my
gepraat het, het die Here elke woord gehoor. En Hy het vir my gesê:
‘Ek het gehoor wat hulle jou gevra het en dit is goed so.



# EKSODUS 32:11-16

**Maar Moses het by die Here sy God gepleit en gesê**: “Here, waarom
is U toornig op u volk vir wie U deur u groot mag en met kragtige
dade uit Egipte bevry het? 12Waarom moet die Egiptenaars kan sê:
‘Hy het die Israeliete bevry met die bose plan om hulle tussen die
berge dood te maak en hulle heeltemal te vernietig’?



# EKSODUS 32:11-16...

**“Laat u toorn bedaar en wees u volk genadig. Moet tog nie dié ramp**
**oor hulle laat kom nie.** 13Dink aan wat U met 'n eed beloof het aan u
dienaars, aan Abraham, Isak en Israel toe U vir hulle gesê het: Ek sal
julle nageslag so baie maak soos die sterre aan die hemel. Die hele
landstreek wat Ek belowe het, sal Ek vir julle nageslag gee om vir
altyd in besit te neem.”
**14Toe het die Here daarvan afgesien om die ramp waarvan Hy**
**gepraat het, oor sy volk te bring.**
15Daarna het Moses omgedraai en van die berg af gegaan met die
twee plat klippe waarop die getuienis was, in sy hand. Aan
weerskante was daar op hulle geskryf, **16en dit was die werk van**
**God.**

# EKSODUS 32:30-32

Die volgende dag het Moses vir die volk gesê: “Julle het 'n ernstige
sonde gedoen, **maar ek klim nou na die Here toe op en miskien kry
ek by Hom vir julle vergifnis vir julle sonde.”**
31Moses het toe na die Here toe teruggegaan en gesê: “Hierdie volk
het 'n ernstige sonde gedoen deur vir hulle 'n god van goud te
maak. **32Vergewe tog hulle sonde. As dit nie kan nie, moet U my
naam maar uitvee uit die boek wat U geskrywe het**.”



**Hoe kon Moses dit regkry om hierdie rol te vervul?**

Hy het naby aan God geleef (Eksodus 33:11)
Hy het ‘n hart vir die mense gehad en tussen hulle geleef

Hy was die instrument vir God se glorie om op die mense te skyn. Elke keer wat hy opgegaan het na God, het God se glorie afgekom na mense en kon die mense aanbeweeg.

**Dink jy Moses en die Israeliete was bang met die skeiding van die Rooi See?** Natuurlik! Moses se gehoorsaamheid en bereidwilligheid om ‘n stap in geloof te neem, het mense met vrees laat vorentoe beweeg al was hulle bang.



**Wat dink jy is jou rol as tussenganger, mediator, bemiddellaar, ambassadeur van Christus?**

**Waar bevind jy jou dikwels tussen reg en verkeerd, waarheid en leuens, vrees en geloof, skuld en vergifnis, seer en herstel… En hoe kan kan jy jou verantwoordelikheid as ambassadeur van Christus opneem om mense deur van die een kant na die ander te lei?**

Lees 2 Korintiërs 3:1-18

Lees 2 Korintiërs 5:11-20

## 2 KORINTIËRS 3:1-18

## 2 KORINTIËRS 5:11-20

Ons tree dus op as gesante van Christus, en dit is God wat deur ons 'n beroep op julle doen. Ons smeek julle namens Christus: Aanvaar die versoening met God wat Hy bewerk het!



# I'M AN AMBASSADOR OF KINGDOM OF GOD.

Nie almal is braaf genoeg om ‘n stap in geloof te neem nie.  Nie almal is sterk genoeg om vorentoe te beur nie.  Nie almal sien die lig in ‘n donker tyd nie.

As ‘n tussenganger is dit ons verantwoordelikheid om versoening met God te bewerkstellig, om mense weer in God te laat glo, om mense te laat vorentoe beweeg en daardie een stap te neem wat hul lewe kan red.

Weet jy hoeveel mense moet in jou glo voordat jy iets kan doen of begin? Net een!
Weet jy hoeveel goeie dinge, persone daar in jou lewe moet wees sodat jy kans sien vir die dag van môre? Net een!
Dit kan jy wees…


MAN
GOD
CHRIST

**Wie maak dit vir ons moontlik om ‘n bemiddellaar, mediator, tussenganger te wees?**

Jesus Christus, meer en beter as Moses, was die grootste mediator wat al ons skuld en sonde op Hom geneem het en ‘n brug vir ons terug na God gebou het. Hy glo in jou, Hy pleit vir jou en Hy het die vrees en swaarkry vir jou verduur!

As jy al genade ontvang het… Gee die stokkie aan.
As jy al lliefde ontvang het… Gee die stokkie aan.

# 1 TIMOTEUS 2:5-6

# JOHANNES 14:6

# ROMEINE 8:27, 34




# 1 TIMOTEUS 2:5-7

Daar is immers net een God, en daar is net een
Middelaar tussen God en die mense, die mens
Christus Jesus 6wat Homself as 'n losprys vir
almal gegee het. Dit was op die bestemde tyd
die bewys van die bedoeling van God. 7Met die
oog hierop is ek aangestel as prediker en
apostel, as 'n leraar om die heidennasies te
onderrig in die boodskap van die geloof en die
waarheid. Ek praat die waarheid, ek lieg nie.

# JOHANNES 14:6

Jesus het vir hom gesê: “Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie





## ROMEINE 8:27, 34

En God, wat die harte deurgrond, weet wat die bedoeling van die Gees is, want Hy pleit, volgens die wil van God, vir die gelowiges.

Wie kan ons veroordeel? Christus Jesus het gesterf, maar meer as dit: Hy is uit die dood opgewek, Hy sit aan die regterhand van God, Hy pleit vir ons.

**GEBED:**

- Dankie Jesus dat U my bemiddellaar aan die kruis was en vir my ‘n pad gemaak het sodat God se glorie in my lewe kan skyn
- Help my om daardie bemiddellaar te wees in moeilike situasies
- Dankie dat ek ten minste een persoon in my lewe het op wie ek kan vertrou, wat in my glo en wat vir my bid
- Dankie dat ek ten minste een ligpunt in my lewe het waarop ek kan fokus al voel dit asof alles rondom my in duie stort.

AMEN.


bydraes
PAYTODAY: FRESH NAMIBIA
KOLLEKTE OP SONDAE
BANKREKENING: www.freshnamibia.com